

## Dag 1: Skoolwerk (Groep 1 = Maandag, 6 Julie; Groep 2 = Dinsdag, 7 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Aanvangs-assessering** | Ons skryf 'n assesseringsvraestel om vas te stel in hoe 'n mate die leerders die werk baasgeraak het wat hulle tydens die grendeltyd tuis aangeleer en gedoen het. |
| **Wiskunde** | |
| **Aanvangs-assessering** | Ons skryf 'n assesseringsvraestel om vas te stel in hoe 'n mate die leerders die werk baasgeraak het wat hulle tydens die grendeltyd tuis aangeleer en gedoen het. |
| **Tel mondelings** | Tel aan in 10'e van 0 – 150.<br>Tel terug in 10'e van 150 – 0. |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Covid – 19** | Terug skool toe na die grendeltyd. |
| **Algemeen** | |
| -Vandag fokus ons hoofsaaklik daarop om die leerders te oriënteer ten opsigte van die nuwe reëls en roetine by die skool. Die leerders kry die geleentheid om rustig gewoond te raak aan die nuwe "normaal".<br>- **BELANGRIKE INLIGTING WORD VANDAG IN DIE BOODSKAPBOEKIES GEPLAK! OUERS MOET ASSEBLIEF AANDAG GEE HIERAAN.** | |

# <u>Dag 1: Huiswerk (Groep 1 = Dinsdag, 7 Julie; Groep 2 = Woensdag, 8 Julie)</u>

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Lees & Begrip** | <u>Huistaal Boek 1 bl. 118 – 119:</u> Lees die leesstuk *Jabu was laat* op bl. 118 en beantwoord die drie vrae op bl. 119 skriftelik. |
| **Leestekens** | <u>Huistaal Boek 1 bl. 117:</u> Voltooi die aktiwiteit bo-aan bl. 117. Skryf die sinne oor en gebruik die korrekte hoofletters en leestekens. |
| **Klanke** | - <u>Huistaal Boek 1 bl. 85:</u> Vul die korrekte klank in by elke prentjie. Jy hoef slegs die takie bo-aan bl. 85 te voltooi, maar as jy graag die prentjie onderaan die bladsy wil doen, is jy welkom.<br>- <u>Huistaal Boek 1 bl. 105:</u> Voltooi die aktiwiteit bo-aan bl. 105 waar jy die korrekte beginklank vir elke woord moet invul.<br>- <u>Huistaal Boek 1 bl. 109:</u> Verbind die woord met die prent wat by dit pas bo-aan bl. 109. Nou kan jy ook die aktiwiteit net onder dit doen waar jy die regte klank moet invul om elke woord te voltooi. |
| **Wiskunde** | |
| **Tel mondelings** | Tel aan in 10'e van 0 – 150.<br>Tel terug in 10'e van 150 – 0. |
| **Tel in 3'e** | <u>Wiskunde Boek 1 bl. 109:</u> Voltooi al die aktiwiteite op hierdie bladsy. Dit fokus op verskillende telpatrone in 3'e. |
| **Tel in 4'e** | <u>Wiskunde Boek 1 bl. 113:</u> Voltooi al die aktiwiteite op hierdie bladsy. Dit fokus op verskillende telpatrone in 4'e. |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Motoriek: Marsjeer** | Marsjeer op en af in die gang soos 'n wafferse soldaat. Onthou om die teenoorgestelde arm en been terselfdertyd na voor te beweeg terwyl jy marsjeer. |



## Dag 2: Skoolwerk (Groep 1 = Woensdag, 8 Julie; Groep 2 = Donderdag, 9 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Skrif** | I ; i ; Ina en Isak is siek. (Spogboek) |
| **Klanke:**<br>**aai**<br>**bl- ; br-**<br>**dr- ; dw-** | -Hersien die klanke.<br>-Skryf saamgestelde woorde in spogboek:<br>kaai + muur ; haai + vin ; blom + tuin ; koek + blik ; af + breek ;<br>broei + kas ; om + draai ; weg + dryf ; dwars + deur ; dwaal + spoor<br>-Maak 3 – 5 spogsinne met enige van hierdie woorde in die spogboek en teken 'n prent oor een van die sinne onderaan. |
| **Lees** | Gaan groen (Werkvel 1) |
| **Taalwerk:**<br>**Toekomende, teenwoordige en verlede tyd** | -Hersien verlede, toekomende en teenwoordige tyd.<br>-Skryf die sinne oor in die verlede, toekomende of teenwoordige tyd. By die eerste twee sinne word elke keer vir jou gesê met watter woord jy moet begin. By die derde sin kan jy kies met watter woord jy wil begin. (Werkvel 2) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**f ; h** | -Hersien die klanke. (Phonics-boekie bl. 8 – 9)<br>-Skryf in spogboek: fat, fir, fun, fox, five, ham, her, hop, hit, his<br>-Doen vasleggingstakie in spogboek. (Werkvel 3) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel mondelings** | Tel aan in 2'e van 0 – 40.<br>Tel terug in 2'e van 80 – 40. |
| **Pylnotasie plus** | -Hersien die konsep van pylnotasie plussomme.<br>-Oefen pylnotasie plussomme. (Werkvel 4) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Covid - 19** | Ek dra 'n masker. |

## Dag 2: Huiswerk (Groep 1 = Donderdag, 9 Julie; Groep 2 = Vrydag, 10 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Klanke:**<br>**aai**<br>**bl- ; br-**<br>**dr- ; dw-** | -Hersiening en vaslegging van klanke. (Werkvel 5)<br>-Saamgestelde woorde wat geskryf moet word op Werkvel 5:<br>laai + kas ; weg + waai ; blaar + slaai ; pot + blou ; son + bril ;<br>braai + vleis ; droog + rak ; droom + rok ; dwerg + huis ; verdwaal |
| **Lees** | Gaan groen (Werkvel 1) |
| **Taalwerk:**<br>**Toekomende, teenwoordige en verlede tyd** | Skryf die sinne oor in die verlede, toekomende of teenwoordige tyd. By die eerste twee sinne word elke keer vir jou gesê met watter woord jy moet begin. By die derde sin kan jy kies met watter woord jy wil begin. (Werkvel 6) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**f ; h** | -Hersiening en vaslegging van phonics. (Phonics-boekie bl. 8 – 9)<br>-Voltooi die hersieningstakie. Daar waar staan *Sentences* moet jy die sinne op bl. 8 en 9 van jou Phonics-boekie neerskryf. (Werkvel 7) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel mondelings** | -Tel aan in 2'e van 80 – 100.<br>-Tel terug in 2'e van 120 – 100. |
| **Pylnotasie plus** | Doen die somme deur gebruik te maak van die pylnotasie plus-metode. (Werkvel 8) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Motoriek:**<br>**Touspring** | Ons het al mooi geleer hoe om tou te spring. As jy 'n springtou by die huis het, kan jy nou 'n bietjie touspring. (Opsionele aktiwiteit) |



## Dag 3: Skoolwerk (Groep 1 = Vrydag, 10 Julie; Groep 2 = Maandag, 13 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Skrif** | L ; l ; Leon en Let loop lekker. (Spogboek) |
| **Klanke:**<br>**ooi**<br>**fl- ; fr-**<br>**gl- ; gr-** | -Hersien die klanke.<br>-Skryf saamgestelde woorde in spogboek:<br>bloed + rooi ; hooi + vurk ; blok + fluit ; flits + lig ; perd + fris ; frons + plooi ; uit + glip ; pos + gleuf ; graf + steen ; tuin + graaf<br>-Maak 3 – 5 spogsinne met enige van hierdie woorde in die spogboek en teken 'n prent oor een van die sinne onderaan. |
| **Taalwerk:**<br>**Sinonieme**<br>**Antonieme** | -Hersien sinonieme en antonieme.<br>-Voltooi die werkvel oor sinonieme en antonieme om te kyk of jy dit nog mooi kan onthou. (Werkvel 9) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**k ; l ; m** | -Hersien die klanke. (Phonics-boekie bl. 10 – 12)<br>-Skryf in spogboek: kiss, king, kitten, kettle, left, leaf, lock, mix, mother, mug<br>-Skryf in jou spogboek die sinne uit jou phonics-boekie neer wat by elke klank pas. (Phonics-boekie bl. 10 – 12) |
| **Reading** | Go away, Dot! (Werkvel 10) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel mondelings** | Tel aan in 5'e van 0 – 50.<br>Tel terug in 5'e van 100 – 50. |
| **Pylnotasie minus** | -Hersien die konsep van pylnotasie minus.<br>-Oefen nou die konsep van pylnotasie minus. (Werkvel 11) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Covid - 19** | Hoe groet ek ander mense? |

## Dag 3: Huiswerk (Groep 1 = Maandag, 13 Julie; Groep 2 = Dinsdag, 14 Julie)

| Afrikaans | |
|---|---|
| **Klanke:**<br>**ooi**<br>**fl- ; fr-**<br>**gl- ; gr-** | -Hersiening en vaslegging van klanke. (Werkvel 12)<br>-Saamgestelde woorde wat geskryf moet word op Werkvel 12:<br>uit + nooi ; skaap + ooi ; flamink + nes ; stok + flou ; frikkadel ;<br>frok + mou ; seep + glad ; gloei + lamp ; groei + pyn ; soen + groet |
| **Taalwerk:**<br>**Sinonieme**<br>**Antonieme** | -Sinonieme is woorde wat min of meer dieselfde betekenis het.<br>-Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis.<br>-Voltooi die werkvel oor sinonieme en antonieme. (Werkvel 13) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**k ; l ; m** | -Hersiening en vaslegging van phonics. (Phonics-boekie bl. 10 – 12)<br>-Voltooi die hersieningstakie. (Werkvel 14) |
| **Reading** | Go away, Dot! (Werkvel 10) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel**<br>**mondelings** | -Tel aan in 5'e van 100 – 150.<br>-Tel terug in 5'e van 150 – 100. |
| **Pylnotasie**<br>**minus** | Doen die somme deur gebruik te maak van die pylnotasie minus-metode. (Werkvel 15) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Motoriek:**<br>**Eendjieloop** | Ons het mos geleer dat 'n eend waggel. Kan jy nog soos 'n eend loop? Kyk hoe ver kan jy so op jou hurke loop. |

## Dag 4: Skoolwerk (Groep 1 = Dinsdag, 14 Julie; Groep 2 = Woensdag, 15 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Skrif** | H ; h ; Hennie en Hettie het 'n hond. (Spogboek) |
| **Klanke:**<br>**oei**<br>**kl- ; kn-**<br>**kr- ; kw-** | -Hersien die klanke.<br>-Skryf saamgestelde woorde in spogboek:<br>voet + boei ; koei + melk ; klip + huis ; klei + man ; knie + kop ;<br>knaag + dier ; kleur + kryt ; weg + kruip ; verf + kwas ; kweek + huis<br>-Maak 3 – 5 spogsinne met enige van hierdie woorde in die spogboek en teken 'n prent oor een van die sinne onderaan. |
| **Lees** | Ben tot die redding (Werkvel 16) |
| **Taalwerk:**<br>**Leestekens**<br>**Lettergrepe** | -Hersien leestekens en lettergrepe.<br>-Deel die volgende woorde mondelings op in lettergrepe:<br>boomhuis ; appelkooskonfyt ; sjokoladekoek ; perskeboom<br>-Skryf die sinne oor en gebruik dan die korrekte hoofletters en leestekens waar nodig. (Werkvel 17) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**n ; p ; r** | -Hersien die klanke. (Phonics-boekie bl. 13 – 15)<br>-Skryf in spogboek: name, new, no, paw, pop, put, red, roll, row, rob<br>-Skryf in jou spogboek die sinne uit jou phonics-boekie neer wat by elke klank pas. (Phonics-boekie bl. 13 – 15) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel hardop** | Tel aan in 3'e van 0 – 30. |
| **Breuke** | -Hersien die konsep van breuke.<br>-Voltooi die werkvel oor breuke. (Werkvel 18) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Covid - 19** | Wat is sosiale distansiëring? |
| **Kuns** | Kunsles word aangebied deur juffrou Suzanne. |

## Dag 4: Huiswerk (Groep 1 = Woensdag, 15 Julie; Groep 2 = Donderdag, 16 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Klanke:**<br>**oei**<br>**kl- ; kn-**<br>**kr- ; kw** | -Hersiening en vaslegging van klanke. (Werkvel 19)<br>-Saamgestelde woorde wat geskryf moet word op Werkvel 19:<br>roei + boot ; foei + tog ; vas + klou ; piep + klein ; knip + mes ;<br>af + knou ; bees + kraal ; krul + kop ; kwyl + kol ; maag + kwaal |
| **Lees** | Ben tot die redding (Werkvel 16) |
| **Taalwerk:**<br>**Leestekens**<br>**Lettergrepe** | -Breek die woorde mondelings op in lettergrepe en sê dan hoeveel lettergrepe is in elke woord: piesangbrood ; kaaskoek ; tentpenne<br>-Skryf die sinne oor en gebruik dan die korrekte hoofletters en leestekens. (Werkvel 20) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**n ; p ; r** | -Hersiening en vaslegging van phonics. (Phonics-boekie bl. 13 – 15)<br>-Voltooi die hersieningstakie. (Werkvel 21) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel hardop** | Tel aan in 3'e van 30 – 60. |
| **Breuke** | Voltooi die werkvel oor breuke. (Werkvel 22) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Motoriek:**<br>**Spronge** | As jy spring, onthou die volgende:<br>1. Buig jou knieë.<br>2. Swaai jou arms.<br>3. Land op die bal van jou voete of land op jou tone.<br>Doen nou die volgende spronge:<br>- Spring met albei voete so hoog as wat jy kan in die lug op.<br>- Staan op een voet, spring in die lug op en land dan op albei voete.<br>- Staan op albei voete, spring vorentoe en land op albei voete.<br>- Staan op een voet, spring vorentoe en land op albei voete.<br>- Neem een tree en spring dan vorentoe. (Vat 'n aanloop voor jy spring.) |



# Dag 5: Skoolwerk (Groep 1 = Donderdag, 16 Julie; Groep 2 = Vrydag, 17 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Skrif** | E ; e ; Een twee wie loop mee? (Spogboek) |
| **Klanke:**<br>**eeu**<br>**pl- ; pr-**<br>**sk- ; sl-** | -Hersien die klanke.<br>-Skryf saamgestelde woorde in spogboek:<br>spreeu + nes ; see + meeu ; plaas + vark ; frons + plooi ; bad + prop ; pret + park ; skil + pad ; skou + huis ; slim + kop ; slaai + bak<br>-Maak 3 – 5 spogsinne met enige van hierdie woorde in die spogboek en teken 'n prent oor een van die sinne onderaan. |
| **Taalwerk:**<br>**Rymwoorde**<br>**Werkwoorde**<br>**Voorsetsels** | -Hersien rymwoorde, werkwoorde en voorsetsels.<br>-Voltooi die werkvel om die konsepte van rymwoorde, werkwoorde en voorsetsels goed vas te lê. Gebruik die leesstuk om jou te help om die vrae te beantwoord. (Werkvel 23) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**s ; t** | -Hersien die klanke. (Phonics-boekie bl. 16 – 17)<br>-Skryf in spogboek: see, sip, sir, saw, son, tag, tan, tell, tall, Tom<br>-Doen vasleggingstakie in spogboek. (Werkvel 24) |
| **Reading** | Gus at big school (Werkvel 25) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel hardop** | Tel aan in 4'e van 0 – 40. |
| **Tyd** | -Hoeveel minute is in 'n uur, 'n halfuur en 'n kwartier?<br>-Hersien die konsep van kwart oor, kwart voor, uur en half.<br>-Voltooi die hersieningstakie. (Werkvel 26) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Covid - 19** | Hoe word jy getoets vir Covid-19? |

## Dag 5: Huiswerk (Groep 1 = Vrydag, 17 Julie; Groep 2 = Maandag, 20 Julie)

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Klanke:**<br>**eeu**<br>**pl- ; pr-**<br>**sk- ; sl-** | -Hersiening en vaslegging van klanke. (Werkvel 27)<br>-Saamgestelde woorde wat geskryf moet word op Werkvel 27:<br>leeu + hok ; eeu + fees ; bou + plan ; plat + sak ; nar + pruik ; pruim + pit ; son + skyn ; skop + fiets ; toe + sluit ; slaap + sak |
| **Taalwerk:**<br>**Rymwoorde**<br>**Werkwoorde**<br>**Voorsetsels** | -Hersien die konsepte van rymwoorde, werkwoorde en voorsetsels.<br>-Voltooi die werkvel om rymwoorde, werkwoorde en voorsetsels goed vas te lê. Gebruik die leesstuk om jou te help om die vrae te beantwoord. (Werkvel 28) |
| **Engels** | |
| **Phonics:**<br>**s ; t** | -Hersiening en vaslegging van phonics. (Phonics-boekie bl. 16 – 17)<br>-Voltooi die hersieningstakie. Daar waar staan *Sentences* moet jy die sinne op bl. 16 en 17 van jou Phonics-boekie neerskryf. (Werkvel 29) |
| **Reading** | Gus at big school (Werkvel 25) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel hardop** | Tel aan in 4'e van 40 – 80. |
| **Tyd** | Voltooi die vasleggingstakie. (Werkvel 30) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Motoriek:**<br>**Balgooi** | Kyk hoeveel keer jy 'n bal kan gooi en vang sonder om dit te laat val, eers met 2 hande, dan met jou regterhand en dan met jou linkerhand. (As jy nie 'n bal het nie, frommel sommer 'n ou papier op.) |